

My VBO-voetspoor

Punte vir VBO word per SMS elektronies geboekstaaf en wel op die wyse hieronder beskryf. Die verantwoordelikheid berus by die individu. Die betrokke sentrums in die verskillende streke kan u egter bystaan.

Registrasie as *CPD Solutions*-gebruiker vir VBO

ALLE GEBRUIKERS (VORIGE EN NUWE), SIEN ASSEBLIEF STAP 4

Stap 1:

Stoor die volgende kort nommer op u selfoon onder "VBO-Krediete." **CPD Solutions SMS kort nommer: 31029**

Stap 2:

Registreer as nuwe gebruiker: Stuur 'n SMS wat slegs die letter **r** (dit staan vir **registreer**) bevat na 31029. Die stelsel sal aan u 'n sms terugstuur wat as volg lyk: title=...initials=...surname=...profreg=...id=...COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

Stap 3:

Voltooi u besonderhede en stuur aan (forward) na 31029: Die oorspronklike teks en =teken moet steeds deel van u SMS uitmaak. Vul u eie besonderhede in waar die spasies in die SMS gelaat is. **VBO-gebruikers los die profreg= veld skoon** en vul die id= veld in. U SMS behoort soortgelyk aan die volgende te lyk. title=Ds initials=TR surname=Smit profreg=id=3301222500787 COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

NB: U moet die SMS **aanstuur (forward)** na 31029 en **nie terugstuur (reply)** na die nommer waar dit vandaan kom nie.

Nota: Om enige tyd in die toekoms u besonderhede na te gaan of te verander, kan u presies dieselfde proses volg (Stap 2 en 3). Die SMS wat u sal ontvang, sal dan reeds u bestaande besonderhede bevat.

Stap 4:

Om u aan u **gemeente** te koppel, stuur 'n SMS met die woord gemeente, gevolg deur 'n spasie en u gemeente se naam. Belangrik is dat die spelling soos in die Jaarboek gebruik word. Bv: Gemeente Bloemfontein-Noord. (Sien ook lys by: www.cpdolutions.co.za/gemeente). Indien in nuwe gemeente herhaal bogenoemde met nuwe gemeente se naam.

Om u bywoning van 'n aktiwiteit te registreer:

Stuur die bywoningskode/s na 31029 deur 'n SMS te skryf wat slegs die kodes lys, bv: *B12345 B11111 B22222* (vyf kodes kan per SMS gestuur word).

Om u selfoonnommer te verander (Stap 1):

U moet die kodewoord "**numberchange**" gevolg deur u ou selfoonnommer stuur aan 31029 bv.: *numberchange 0831231234* **NB:** Hierdie SMS moet **van u nuwe selfoonnommer** gestuur word. U sal 'n SMS soortgelyk aan die volgende terug ontvang: *number=0831231234 number=0798881111 for TR Smit. IF THIS IS CORRECT, FORWARD THIS MESSAGE TO 31029 TO EFFECT CHANGE*

Bevestig die verandering (Stap 2):

Indien die besonderhede soos verskaf korrek is, (sien voorbeeld bo) bevestig die verandering deur die SMS, net so sonder enige veranderings, aan te stuur (**forward, nie reply**) na 31029.

U kan u bywoning kontroleer op die webwerf www.cpdolutions.co.za. Toegang word verkry deur u selfoonnommer en 'n pinkode. Op die webwerf is 'n skakel wat die pinkode aan u sal SMS sodra dit benodig word. U kan ook, indien nodig, vir **Mev. Rika van Rensburg** by Excelsus kontak (excelsus@up.ac.za of 012 420 6738).